# VERKRAGTING:

## Moet jy 'n verkragtingsaak terugtrek?

Jy lyk verskriklik! Wat het met jou gebeur?
Ek is verkrag!
Wat! Wie? Waar?
Hy kan nie hiermee wegkom nie! Jy moet hom gaan aangee! Wat hy gedoen het, is 'n misdaad.
My broer se beste maat, Simon. Daardie ou vir wie ons "Mr Cool" by die skool sê. Dit het omtrent 'n uur gelede gebeur. Ek weet nie wat om te doen nie. Moet ek hom by die polisie gaan aangee?
Ek is so bly ek kan met jou daaroor praat. Dit help my baie. Ek wou met 'n berader gaan praat, maar ek het nie geweet waar om een te kry nie. Om net met 'n maat te praat help al baie; dit is beter as om die probleem te probeer wegsteek.

# WAT OM TE DOEN AS JY VERKRAG IS

## Behou die bewyse:

- Moenie was nie.
- Moenie ander klere gaan aantrek nie.
- Moenie die plek opruim waar die verkragting plaasgevind het nie.
- Draai enige bewysstuk in papier toe. Moet dit nie in 'n plastieksak sit nie.

## Gaan na die polisie of 'n Vroue- en Kinderbeskermingseenheid

Meld die saak by die polisie aan sodat die persoon wat jou verkrag het, gevang kan word. Jou inligting sal vertroulik behandel word. Selfs die verhoor sal privaat wees.

## Gaan na 'n dokter, kliniek of hospitaal

Jy moet so gou as moontlik 'n dokter of verpleegster raadpleeg. Die dokter kan vir jou medikasie gee om MIV-infeksie en seksueel oordraagbare infeksies te voorkom, en medikasie om te verhoed dat jy swanger raak van die verkragting.

Ons sal jou verklaring afneem en die saak ondersoek. Ons kan dalk die persoon wat dit aan jou gedoen het, arresteer. Dit is goed dat jy nie ander klere gaan aantrek het nie, want ons het jou klere nodig vir bewyse. Ons sal jou ook na 'n hospitaal neem om 'n dokter te spreek.
Ek is bang om 'n verklaring af te lê, maar ek sal dit doen, want wat hy aan my gedoen het, is 'n misdaad. Hy kan nie daarmee wegkom nie.


Ek is bly jy het gou na ons toe gekom en dit is goed dat jy nie gewas het nie. Ons sal jou moet ondersoek om bewyse te kry. Dit sal onaangenaam wees, maar dit sal nie lank neem nie. Ons sal ook vir jou PEP-medikasie gee om die gevaar van MIV te verminder. Ons gee nou vir jou pille vir drie dae, daarna moet jy terugkom vir nog. Jy moet die pille vir 'n maand drink anders sal hulle nie werk nie. Intussen sal ons toetse doen om vas te stel of jy reeds MIV het. As dit so is, sal die PEP nie werk nie. Ons gee ook vir jou pille om te help voorkom dat jy swanger raak.

Hallo, Sara. Hoe gaan dit vandag?
Moenie maak asof niks gebeur het nie. Ek was by die polisie om die saak te rapporteer en ek gaan dit nie terugtrek nie.
Ek het N$800. Ek sal dit vir jou gee as jy die saak terugtrek.
Sara, as jy met die saak voortgaan, sal jy Simon se hele toekoms verwoes. Hy is my beste maat.
Die verkragting het my toekoms ook verwoes. Dinge sal nooit weer dieselfde wees vir my nie. Hy mag jou beste maat wees, maar ek is jou suster. Hy weet verkragting is 'n misdaad. Hy moes gedink het wat hy doen voor hy my verkrag het.
Die saak sal baie lank aanhou. Ons sal vir jare nie met ons lewens kan aangaan nie. Almal in die gemeenskap sal hiervan weet. 'n Verkragtingsaak sal groot skande oor ons familie bring.

Ek weet nie wat om te doen nie. Simon en my broer probeer my ompraat om die verkragtingsaak terug te trek.
Jy moenie instem nie. Simon het 'n ernstige misdaad gepleeg. Die wet sê verkragting moet gestraf word.
Maar dit sal baie geld kos om hof toe te gaan.
Dit kos niks om hof toe te gaan nie. Jy kan selfs die hof vra om te help om jou vervoerkoste te betaal om die verhoor by te woon.
Maar sê nou ek verloor die saak?
Dan het jy nog steeds die kans gehad om jou storie te vertel. Jy sal nie so baie soos 'n slagoffer voel nie, want jy het jou kant van die saak gestel.
Maar almal sal weet van die verhoor; hulle sal ook na die verhoor toe kom!
'n Verkragtingsverhoor is privaat. Mense van die dorp kan nie kom kyk nie. As die saak in die koerant of oor die radio gerapporteer word, mag geen besonderhede bekend gemaak word wat jou sal kan identifiseer nie.




# HET JY

... 'n VRAAG?

... 'n OPMERKING?

# KONTAK ONS!

SMS: 081-6000098

E-pos: comic@lac.org.na

Faks: 088-613693

Posadres: Posbus 604 Windhoek

Ons wil graag weet wat jy van hierdie strokiesprent dink.

Vir meer inligting oor die Wet op die Bekamping van Verkragting, die terugtrek van 'n verkragtingsaak, of om afskrifte te kry van ons publikasies, kontak gerus die Legal Assistance Centre.



Die terugtrek van verkragtingsake kan ernstige gevolge inhou vir individuele vrouens, hulle gemeenskappe en die samelewing in die geheel. As jy daaraan dink om 'n verkragtingsaak terug te trek, dink asseblief versigtig oor die besluit. Voordat jy 'n besluit neem, praat met 'n maatskaplike werker of 'n berader of iemand wat jy vertrou. As jy al die toepaslike inligting het, kan jy die besluit neem wat reg is vir jou.

## VIER REDES WAAROM 'N VERKRAGTINGSAAK NIE TERUGGETREK MOET WORD NIE

1. **DIE PERSOON WAT JOU VERKRAG HET, MOET GESTRAF WORD.**

   Verkragting is 'n ernstige misdaad met 'n ernstige straf. Die Bekamping van Verkragting Wet bepaal dat die minimum straf vir verkragting 5, 10 of 15 jaar gevangenisstraf is — afhangend van die omstandighede waaronder die verkragting plaasgevind het. As die persoon wat jou verkrag het, wegkom daarmee, kan hy of sy weer iemand anders verkrag.

2. **DIE PERSOON WAT JOU VERKRAG HET, MOET DUIDELIK HOOR DAT VERKRAGTING NIE TOELAATBAAR IS IN NAMIBIË NIE.**

   As jy die saak hof toe neem, dien dit as 'n boodskap aan die oortreder en die gemeenskap dat verkragting nie aanvaarbaar is nie. Die straf dien ook as voorbeeld vir ander mense wat 'n soortgelyke misdaad wil pleeg.

3. **JY NEEM BEHEER VAN DIE SITUASIE.**

   Baie mense wat 'n verkragting deurgemaak het, voel dat die daad al hulle mag weggeneem het. As jy die saak hof toe neem, kry jy weer beheer oor jou lewe terug.

4. **JY KAN JOU STORIE VERTEL.**

   By die verhoor luister die hof na die feite van wat gebeur het. Jy sal die kans kry om te vertel wat die verkragter aan jou gedoen het. Daarmee kan jy die verkragter wys dat jy nie die slagoffer van misdaad is nie, maar iemand wat weer nuwe hoop het vir die lewe.

**TELEFOONNOMMERS VIR VROUE- EN KINDERBESKERMINGSEENHEDE, 2010**

| STREEK | STAD/DORP | TELEFOONNOMMER |
|---|---|---|
| Caprivi | Katima Mulilo | 066-251215 |
| Erongo | Walvisbaai | 064-219068 |
| Hardap | Mariental | 063-345000 |
| Hardap | Rehoboth | 062-523223 (NamPol) |
| Karas | Keetrmanshoop | 063-221826 |
| Karas | Lüderitz | 063-203668 |
| Kavango | Rundu | 066-266300 (NamPol) |
| Khomas | Windhoek | 061-20952375 of 2095374 |
| Kunene | Opuwo | 065-273148 uitbr. 138 |
| Ohangwena | Eenhana | 065-264204 |
| Omaheke | Gobabis | 062-566144 |
| Omusati | Outapi | 065-251863 |
| Oshana | Oshakati | 065-2236056 of 2230657 |
| Oshikoto | Tsumeb | 067 2235053 |
| Otjozondjupa | Otjiwarongo | 067-300625 |

Teks:
ANNE JOYCE

Illustrasies, ontwerp en uitleg:
DUDLEY VIALL en
PERRI CAPLAN

Projektoesig:
RACHEL COOMER en
DIANNE HUBBARD

Finansiering:
NEDERLANDSE MINISTERIE VAN BUITELANDSE SAKE, MDG3-FONDS

Drukwerk:
JOHN MEINERT PRINTING (EDMS) BPK

Uitgewer:
GENDER RESEARCH & ADVOCACY PROJECT, LEGAL ASSISTANCE CENTRE, 2010

Hierdie strokiesprent mag vryelik gekopieer word vir opvoedkundige doeleindes op voorwaarde dat erkenning aan die bron gegee word.

'n Elektroniese weergawe van hierdie publikasie is beskikbaar op die LAC-webwerf: www.lac.org.na

3
Promote gender equality and empower women